higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4

28 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 C
1.3 A
1.4 B
1.5 B
1.6 D
1.7 D
1.8 A
1.9 C
1.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Waar
2.5 Onwaar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 I
3.3 L
3.4 C
3.5 F
3.6 K
3.7 H
3.8 A
3.9 D
3.10 B

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 monitering
4.2 toekomsgerig
4.3 langtermynbeplanning
4.4 onmiddellike misdaad
4.5 stappe

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 **Aantekening aan die nasiener: Die leerder moet die gebied (voorwerp) van polisiëring identifiseer waarin die probleme geïdentifiseer word (sien die puntetoekenning), die sleutelhandelinge opnoem waaruit die SARA-akroniem of mnemoniek bestaan (skandering/noukeurige bestudering, analise, respons, assessering) vir EEN punt elk, en daarna verduidelik hoe die SARA-model gebruik kan word om die probleme op te los (gebruik jou diskresie hier – sien die aantekeninge hier onder – vir EEN punt by elk van die VIER handelinge).**

Die maksimum punte wat dus toegeken kan word, is: TWEE punte vir die gebied/voorwerp van polisiëring wat deur die scenario gedek word, VIER punte vir die VIER handelinge van die SARA-akroniem/mnemoniek, en VIER punte (EEN by elk van die VIER handelinge) vir die kort verduidelikings.

Die scenario bespreek die probleme in die omgewing van misdaadondersoek, wat in werking tree wanneer misdaadvoorkoming misluk het.

Skandering/noukeurige bestudering: die identifisering van misdaadprobleme, -vraagstukke en besorgdhede in die gemeenskap in die polisiekantoor se omgewing. Inligting kan verkry word uit waarnemings deur polisiebeamptes terwyl hulle in die gemeenskap werk. Inwoners, onderwysers, hospitaalpersoneel en sakelui kan ook misdaadprobleme identifiseer. Die sistematiese studie van data oor die gebied, soos inligting wat op rekenaars gegenereer word oor wanneer en waar misdaad plaasvind, of misdaadkaarte, is nuttig om die probleme te identifiseer. Die scenario wys op probleme met misdaadstatistiek, speurders se werkslas, speurderbevoegdheid, asook kwessies van misdadigheid/kriminaliteit en swak dissipline onder speurders. Dit verwys ook na speurders wat nie in staat is om die fisieke uitdagings van die werk te hanteer nie.
Analise: inligting wat ingesamel word, sal waardeloos wees tensy dit gekoördineer en georganiseer word. Patrone of tipes misdaad, plekke waar misdaad plaasvind, en probleemgebiede moet duidelik geïdentifiseer word. Data moet ontleed word om nuttig te wees. Die scenario wys daarop dat “misdade teen vroue en kinders” reeds 26 jaar lank ’n polisiëringsprioriteit is, en dat die omgekeerde van die moordoplossingskoers (14.5%) inderwaarheid beteken dat 84.5% van alle moorde in Suid-Afrika nooit opgelos word nie.
Respons: kom uit die koöperatiewe/samewerkende analise na vore. Respons fokus daarop om die probleem effektief te hanteer en staan ook bekend as ‘ingryping’ of ‘intervensie’. Nadat data ontleed is, word ’n plan van aksie opgestel en uitgevoer. Hoewel dit nie werklik suksesvol is nie, beteken die 26 jaar oue reaksie op “misdade teen vroue en kinders” dat dit ten minste ’n erkenning van ’n probleem is, en ’n poging om die probleem op te los. Die totstandbrenging van die Universiteit vir Misdaadopsporing waarna die scenario verwys, kan as ’n respons beskou word. “Programme” is beskikbaar in reaksie op die kwessies van gesondheid en fiksheid, hoewel benutting daarvan “onduidelik” is. (10)

Kopiereg voorbehou

Assessering: beteken dat die response geëvalueer word om te bepaal of dit effektief is om die probleem op te los. Dalk sal kandidate aanbeveel dat vordering- of effektiwiteitstudies op die response op die probleme uitgevoer word.

5.2 **Aantekening aan die nasiener: Antwoorde moet die volgende uiteensetting volg tot ’n maksimum van VYF punte, maar jy kan ook jou diskresie gebruik.**

Die getuienis is van ooglopende en deurslaggewende belang vir die effektiewe ondersoek van misdaad. Dit behoort dus versigtig gehanteer te word en die integriteit van die getuienis (nie mee geknoei nie, nie gekontamineer nie) moet gewaarborg word. Die kontinuïteit van besit (wanneer getuienis van een persoon aan die volgende oorhandig word) is ewe belangrik. Getuienis kan ’n aanduiding gee van ander aspekte van die identifisering van verdagtes, byvoorbeeld wanneer vergelykbare modus operandi en fisiese getuienis op verskeie misdaadtonele geïdentifiseer word. (Enige 5 × 1) (5)

5.3 **Aantekening aan die nasiener: Die belangrikste kwessie is om dissipline onder speurders te koppel aan afrigting (deur middel van saluering en erkenning). Antwoorde moet die volgende uiteensetting volg vir ’n maksimum van VYF punte, maar jy kan ook jou diskresie gebruik.**

Uit die scenario (“misdaadvoorvalle; verontagsaming van die oppergesag van die reg en regte van mense; ongegronde aantygings teen bevelvoerders”; gebrek aan “fisieke fiksheid wat vereis word om die werk te kan doen”) kan afgelei word dat dissipline onder speurders verbeter moet word. Persoonlike dissipline is gegrond op beginsels en om “die regte ding te doen”. Interpersoonlike dissipline handel oor respek vir andere en om andere te dien. Werksplekdissipline beteken om die reëls te gehoorsaam terwyl jy by die werk is. Saluering en erkenning/waardering (waarvan ’n mens leer deur driloefeninge te doen) het ’n invloed op al drie tipes dissipline. Dit leer die speurder (en, natuurlik, alle polisiebeamptes) beginsels, om te dien, en die regulatiewe raamwerk van die polisiëringloopbaan te gehoorsaam. (Enige 5 × 1) (5)

5.4 **Aantekening aan die nasiener: die belangrikste kwessie is om die vaardigheid-en-vrees-fiksheidstoets te koppel aan die fisieke bevoegdheid van speurders om polisiewerk effektief uit te voer. Antwoorde behoort die volgende uiteensetting te volg tot ’n maksimum van VYF punte (dit verklaar waarom ’n ontleding van elk van die tien hindernisse nie vereis word nie), maar jy kan ook jou diskresie gebruik.**

Soos die standaardpolisiefiksheidstoets en die werksverwante batteryfiksheidstoets, sal die vaardigheid-en-vrees-fiksheidstoets die kardiovaskulêre, spierkrag- en soepelheidsbehoeftes van ’n loopbaan in polisiëring ondersteun. Elk van die tien hindernisse dek hierdie drie behoeftes tot op die een of ander vlak. Dit poog ook om verdere vaardighede (5)

te ontwikkel wat die polisiebeampte op straat sal help, met inbegrip van die behoefte om vrees te oorkom. Sommige praktiese voorbeelde van polisiëring is: die toets help polisiebeamptes om deur ’n groep mense te hardloop of te bars, en dit beskerm vuurwapenbehoud (die buitebandweerstand-hindernis), oorkom uitdagings wanneer ’n verdagte agtervolg word (die hoë-lae balke-hindernis; die middelbalke-hindernis; die bystandmuur-hindernis (‘assisted wall’); die balanseerbalk-hindernis help jou om jou eie liggaamsgewig te dra (die hangleer-hindernis), vrees te hanteer (die toringhindernis en die Jakobsleer-hindernis teiken die vrees vir hoogtes; die tonnelhindernis teiken die vrees vir eng/nou ruimtes, diep en hol plekke, vrees vir donkerte, vrees vir kruipende insekte), en om jouself uit ’n gevaarlike situasie te verwyder, soos gedurende ’n skietvoorval, of om na ’n plek te beweeg waar iemand hulp benodig (die luiperdkruip-hindernis).✓ (Enige 5 × 1)

[25]

VRAAG 6

6.1 **Aantekening aan die nasiener: Die kandidaat moet <u>onderskei (</u>wys dat hy/sy die verskil verstaan) tussen die drie begrippe.**

Data is onverwerkte, ongeanaliseerde getalle en feite oor mense en/of gebeure. Inligting is verwerkte data wat op die polisie van toepassing is en tydig, akkuraat en betroubaar is. Intelligensie is inligting wat aan ontleding onderwerp is. Maak die kandidaat ’n aanmerking oor die moontlike kennis van die mense van Mxolici’s Village oor misdaaddata, misdaadinligting en misdaadintelligensie? (3)

6.2 **Aantekening aan die nasiener: die kandidaat moet die PESTLE-benadering <u>toepas</u> (“in werking stel” / “gebruik maak van”) om ’n saak uit te maak vir samewerking tussen polisiëringsagentskappe. Antwoorde moet die volgende uiteensetting volg tot ’n maksimum van TWAALF punte. Jy moet jou diskresie gebruik. Ken egter net EEN KEER EEN punt vir elk van die SES aspekte van die mnemoniek toe.**

PESTLE is ’n mnemoniek vir Politieke, Ekonomiese, Sosiale, Tegnologiese, Geregtelike (‘legal’) en (natuurlike) Omgewing (‘environmental’). Dit kan suksesvol gebruik word as ’n mens ten gunste van samewerking tussen polisiëringsagentskappe redeneer. Die argument behoort die vorm aan te neem van ’n vraag wat oor elk van al SES aspekte gestel word, soos volg: maak dit (politieke / ekonomiese / sosiale / tegnologiese / geregtelike / omgewing-) sin om saam te werk en kollektief ons hulpbronne te mobiliseer? Hier is enkele voorbeelde: Op politieke gebied is dit moeilik om te redeneer dat samewerking en kollektiewe mobilisering van polisiehulpbronne <u>nie</u> moet plaasvind nie. Ekonomies is die effektiewe, doelmatige en deursigtige benutting van die belastingpligtige se bydrae deurslaggewend in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (1/1999, algemeen bekend as die “WOFB”) en behoort altyd deel van die argument uit te maak, ensovoorts. Wat is die sosiale implikasies, byvoorbeeld, toe “iets gebreek het” toe die Spur in Mxolici’s Village beroof is? Sal die inwoners dalk op polisiëringsamewerking aandring?

(12)

6.3 **Aantekening aan die nasiener: Die kandidaat moet plaaslike kennis in die ontleding van misdaadvoorkomingprobleme <u>verdedig</u> ("argument aanvoer ten gunste van"). Antwoorde moet die volgende uiteensetting volg tot 'n maksimum van VYF punte, maar jy kan ook jou diskresie gebruik.**

Die polisie is nie die enigste entiteit in die samelewing wat iets oor die misdaad in 'n spesifieke gebied sal weet nie – die plaaslike gemeenskap besit onvermydelik waardevolle kennis oor die misdaadsituasie. In baie gevalle is die polisie selfs afhanklik van die plaaslike gemeenskap om kritieke inligting te verskaf, wat gebruik kan word om misdaadvoorkoming te beplan en uit te voer. Dit versterk die belangrikheid van aktiewe samewerking tussen die gemeenskap en die polisie, en dit beteken dat die polisie baie meer het om te gebruik as slegs kliniese statistiese ontledingsmetodes. Alle mense en organisasies wat die probleem kan help oplos, behoort betrokke te wees. In Suid-Afrika is die rol wat nieregeringsorganisasies (NRO'S), gemeenskapgebaseerde organisasies (GBO's), geloofsgebaseerde organisasies (GGO's) gemeenskapspolisiëringsforums (GPF's) en akademici speel, veral sigbaar (5)

6.4 **Aantekening aan die nasiener: die kandidaat moet die voordele van rekenaargesteunde aanbiedings (RGA's) opsom ("gee 'n kort samevatting") om 'n misdaadvoorkomingsplan aan die gemeenskap voor te lê. Antwoorde moet die volgende uiteensetting volg tot 'n maksimum van VYF punte, maar jy kan ook jou diskresie gebruik.**

Die belangrikste voordeel van RGA's is dat dit hoogs visueel is as die aanbieder skyfies, beelde, video's, grafieke en teks by die aanbieding kan inkorporeer. Sodoende kan ongeletterde of halfgeletterde mense die plan beter verstaan. 'n RGA kan maklik in elektroniese formaat gestoor word, vinnig bygewerk word en per e-pos aan iemand anders gestuur word. (5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 **Aantekening aan die nasiener: die kandidaat moet <u>onderskei</u> ("dui die verskil aan") tussen die verslae, en hierdie verslae <u>koppel</u> aan die konsep van "'n goeie skof". Antwoorde behoort die volgende uiteensetting te volg tot 'n maksimum van TIEN punte, maar jy kan jou diskresie gebruik.**

Die scenario suggereer (in die eerste paragraaf) dat suksesse (en derhalwe om in die goeie boekies van die toesighouer te wees) afhang van bereiking van die vereiste werkverrigtingsteikens. Dit sal "'n goeie skof" uitmaak. (10)

Misdaadverslae is verslae wat daagliks, maandeliks en jaarliks saamgestel word en word oor die algemene omvang en tipe misdaad saamgestel. Dit is formele verslae en registers wat met 'n oogopslag die algemene stand van sake aandui. Dit sluit in al die getuienis in die vorm van verklarings, wat noodsaaklik is vir die suksesvolle afhandeling van 'n misdaadondersoek. **Arrestasieverslae** weerspieël die arrestasieprosedures wat gevolg moet word. Dit dui sowel die suksesse behaal en die probleme wat ervaar is aan en belig die tipiese oortreders en tendense wat geïdentifiseer kan word. **Ondersoekende verslae** is opvolgverslae wat die vordering van die ondersoek aandui. Dit sluit in verslae van forensiese en ander kundiges wat met bepaalde aspekte van die ondersoek, sketse en foto's van die misdaadtoneel te make het. **Getuienisverslae** het hoofsaaklik met strafregtelike ondersoeke te make. Hulle bevat inligting oor die insameling van getuienis, die opsporing, bewaring en hantering van fisiese getuienis, die gebruik van getuienis asook opsommings van die beskikbare getuienis, en dui aan watter getuienis nog ingesamel moet word.

7.2 **Aantekening aan die nasiener: die kandidaat moet die onderskeie operasionele polisiëringsdienste wat tydens 'n skof deur uniformdraende beamptes (nie speurders nie) uitgevoer word, <u>ontleed</u> ("bestudeer iets metodies en breedvoerig, ten einde dit te verduidelik en te interpreteer"). Daar word ook van die kandidaat verwag om 'n <u>mening</u> ("'n siening of oordeel") te gee wat 'n antwoord vereis wat gegrond is op verkreë bevoegdheid in die polisiëringsomgewing oor die drie jaar van studie). Antwoorde behoort die volgende uiteensetting te volg tot 'n maksimum van TIEN punte, maar jy kan ook jou diskresie gebruik.**

Uniformdraende operasionele personeel voer tydens 'n skof sigbare polisiëring uit. Dit is waar misdaadvoorkoming (in vergelyking met misdaadondersoek, byvoorbeeld) die fokus is. As sodanig werk hierdie polisiebeamptes met die aanleidende faktore (die begeerte om misdaad te pleeg) asook die snellerfaktore (die geleentheid om misdaad te pleeg) van misdaadveroorsaking. Hulle raak dus betrokke by gemeenskapsuitreikingsprogramme (soos ✓ "Adopt-a-Cop"), jeugprogramme gebaseer op gesimuleerde superheldkarakters ✓(soos "Captain Crime Stop"), dwelmuitstallings by skole, deelname aan die werk van nieregeringsorganisasies ✓(NRO'S), gemeenskapgebaseerde organisasies (GBO's), geloofsgebaseerde organisasies (GGO's), universiteite en ander staatstrukture soos die departemente van gesondheid en maatskaplike dienste. Patrollering is 'n integrale deel van die werk (waarvan daar 'n wye verskeidenheid is, van voetpatrollies tot vliegtuigpatrollies). 'n Belangrike deel van die skof is om aan aanklagte aandag te gee en dienooreenkomstig op te tree binne die regstatus wat die polisie het. Waarom het die polisiebeamptes hul skofte soveel geniet? VOORBEELD-ANTWOORD: Uit die scenario is dit nie duidelik waarom hulle gelukkig was voordat hulle "na hul kantore en motors beweeg het" nie. 'n Mens kan dus slegs raai dat hulle van hul werk hou. Dit kan afgelei word uit die scenario dat hulle aan die einde van die skof gelukkig was omdat hulle vrygelaat word van "koërsiewe bevelvoerders en die beperkings van burokrasie" ... (10)

.

[20]

OF

VRAAG 8

8.1 **Aantekening aan die nasiener: Die kandidaat moet <u>kritiek lewer op</u> ("evalueer op 'n gedetailleerde en analitiese manier") die stelling aan die hand van die tema en inhoud van die scenario. Antwoorde behoort die volgende uiteensetting te volg tot 'n maksimum van VYF punte, maar jy kan ook jou diskresie gebruik.**

Die oppergesag van die reg is deurslaggewend in 'n regstaat/grondwetlike staat. Gevolglik moet polisiebeamptes die reg gehoorsaam (die Grondwet, 1996, wettereg, gemenereg, en presedentereg). Alle instruksies/opdragte moet bestaanbaar wees met die voorskrifte van die reg ten einde geldig te wees. (In hierdie verband is die hoofgedagte in die scenario: "Daar word bloot van polisiebeamptes verwag om die grondwetlike en statutêre voorskrifte na te volg wat met hul werk verband hou." Die vraag is nie noodwendig oor wat 'n politikus of senior kommissieoffisier wil hê nie, maar wat die reg bepaal. Dit volg dat polisieaktiwiteite nooit deur politieke gepastheid, gewilde politiek of organisatoriese mag voorgeskryf mag word as dit in stryd met die reg is nie. (5)

8.2 **Aantekening aan die nasiener: Die kandidaat moet <u>besin oor</u> ("noukeurig nadink oor") geleenthede vir nienakoming van die reg wat tydens 'n skof by 'n polisiekantoor kan voorkom. Kandidate moet dus die geleenthede identifiseer en kortliks verduidelik wat daardie geleenthede is. Die vraag kan verskillende antwoorde ontlok, en die opgesomde ("noem die hoofpunte van iets op") riglyne hier onder is oop vir jou diskresie tot 'n maksimum van VYFTIEN punte.**

Geleenthede kan <u>gebiedsgebonde</u> (in die Gemeenskapsdienssentrum, die selle, 'n kantoor, buite op patrollie, of terwyl hulle aan klagtes aandag gee, ens) of <u>aktiwiteitsgebonde</u> wees. Wat laasgenoemde betref, kan nienakoming aangetref word in <u>falsiteite</u> ('n leuen, om onwettige dinge te doen, om die verkeerde misdaad te registreer sodat die misdaadstatistieke beter vertoon, om opsetlik 'n verklaring te verdraai/vervals) en deur geweld te pleeg (wreedheid, marteling tydens ondervraging, aanranding). (15)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100